# Waaroms van die Lewe?

# Habakuk

Louis Nel

# Die Waaroms van die Lewe

'n Reeks Oordenkinge oor die boek Habakuk


## Louis Nel


**September 2018**


Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za



Gaan Na Inhoud

# Inhoud

Voorwoord

1 Waaroms van die Lewe

2 Klaaglied oor die Onreg

3 Die Galdeërs Kom!

4 Géén Uitkoms!

5 Krisistye

6 Vasbyt!

7 Die Here is die Regter

8 ‘n Loflied

9 Loof Hom!

10 Stormwater en Vloede

11 Nogtans sal ek Jubel!

12 ‘n Nogtans-Geloof - ‘n Preek oor Habakuk

# Voorwoord

Elke gelowige worstel dikwels met gedagtes oor al die onreg wat rondom ons heers, of wat my tref. En dan lyk dit dikwels asof die goddelose mense oorvloedig leef - die lewe geniet in sy volheid - en dit terwyl die goeie mense besig is om te vergaan van die ellende! Stel die Here nie meer belang in die armes nie? Stel Hy nog énigsins belang in my? En die vraag wat ‘n mens yskoue rillings gee: Leef God ooit nog - Is Hy nie dalk dood nie?

Habakuk het eerlik antwoorde gaan soek op sy vrae, en in geloof gegaan na die enigste Een wat ‘n antwoord kan gee. Ja, hy was dalk platgeslaan - verbyster deur die dinge wat hy gesien het, maar hy het krampagtig vasgeklou aan sy geloof.

Aan die einde van die boek sien ons dat hy daarna verwys as ‘n “Nogtans-geloof” - “Al sou wát ookal met my gebeur - nogtans sal ek jubel in die Here!” Die wonderlike is, dat ek en jy vandag kan leer uit Habakuk se vrae, en dat ons met groot vrug hierdie nogtans-geloof in ons lewe kan toepas.

**Louis Nel**



**Gaan Na Inhoud**

# Waaroms van die Lewe

## Habakuk - Inleiding

Oor die afgelope agtien jaar was daar ‘n konstante stroom van briewe in my e-posbus, almal met ongeveer dieselfde tema: Waarom gebeur hierdie dinge met my? Die vrae wat oor en oor weerklink is: Ek bid so hard en baie, maar die Here hoor nie my gebed nie. Hoe lank moet ek nog so voortworstel? Is God nie dalk onregverdig met my nie? Waarom laat die Here soveel lyding toe in Afrika en in die wêreld? Waarom lyk dit asof die goddelose mense oorvloedig leef? Hulle geniet die lewe in sy volheid en die goeie mense vergaan van die ellende! Stel die Here nie meer belang in die armes nie? Stel Hy nog énigsins belang in ons, in my? En die vraag wat ‘n mens yskoue rillings gee: Is God nie dalk dood nie?

As jy al ooit met sulke gedagtes geworstel het, is dit ‘n absolute móét dat jy die boek Habakuk moet lees. Dit is een van die boeke wat ons liewer oorslaan! Hierdie profeet het ook daardie soort vrae gevra. Ons eerste reaksie is: “Maar hoe durf hy? Is dit nie hoogverraad teenoor die



Gaan Na Inhoud

Here om sulke vrae te wil vra nie?” As ek hierdie vrae in ongeloof in my gemoed ronddra, en daaroor tob en die Here verwyt, loop ek op ‘n baie gevaarlike paadjie. Habakuk het egter eerlik antwoorde gaan soek op sy vrae, en in geloof gegaan na die enigste Een wat ‘n antwoord kón gee. Ja, hy was dalk platgeslaan en verbyster deur die dinge wat hy gesien het, maar hy het krampagtig vasgeklou aan sy geloof.

Wanneer Habakuk antwoorde kry op die vrae, is dit nie kitsresepte vir ‘n volkome lewe nie. Kitsresepte werk nooit! Jy weet mos: daardie blitsdiëet van blougekookte eiers wat jou binne 7 dae tien kilogram laat verloor, se enigste gevolg is dat jy naderhand ruik en voel soos ‘n warmwaterbron se vrot-eier oog! Op dieselfde wyse is die antwoord op hierdie kwelvrae dikwels ook deursettingsvermoë, harde werk en ‘n nogtans-aanvaarding. “Al sou die vyeboom nie bot nie, wat-ookal gebeur **nogtans sal ek jubel!”** Dit is die slotsom waartoe Habakuk aan die einde kom. Die boek Habakuk is in sy geheel bedoel as ‘n troosboodskap vir elke gelowige wat worstel met die een groot vraag, oor waarom die goddelose skynbaar die oorhand in die lewe het.



**Gaan Na Inhoud**

Dit is opvallend waar Habakuk in die Bybel gerangskik is. Hy is soos die konfyt op ‘n toebroodjie. Habakuk staan tussen twee ander profete, Nahum en Sefanja inge-toebroodjie. Nahum is geskryf tydens die Assiriese krisis, en die doel van die boek was om hoop te bied vir die volk tydens hierdie moeilike dae. Die ander “snytjie brood”, Sefanja, het wél die Here se oordeel verkondig oor Jerusalem en Judea, asook die ander volke rondom hulle. Terselfdertyd het hierdie profeet egter verkondig dat daar hoop is vir diegene wat getrou bly in die Here. Dus óók ‘n boek van hoop. En Habakuk, die jêm in die middel, gee weereens ‘n boodskap van hoop vir die volk terwyl hulle in ‘n krisis gewikkel was tydens die Babiloniese onderdrukking. Habakuk is een van twaalf klein profete wat in die Bybel saamgevat is.

Die vraag het ontstaan: Wie was hierdie Habakuk-profeet? En waar pas hy in die geskiedenis in? Die antwoord is baie eenvoudig: Ons weet nie! Daar is absoluut niks bekend oor hom nie, buiten sy naam. Daar het stories rondgegaan dat hy ‘n tydgenoot van Daniël was, en dat hy vir Daniël kos sou gegee het terwyl hy


**Gaan Na Inhoud**

in die leeukuil was. Hierdie is alles suiwer spekulasie! Al wat ons kan aflei uit sy boek, is dat dit geskryf is iewers tydens die opkoms van die Babiloniese ryk (625 vC) en die val van Jerusalem (586 vC).

As ons eers kyk na die sosiale en politieke omstandighede waaronder die boek geskryf is, laat dit jou beter verstaan waarom Habakuk geskryf het wat hy geskryf het. Die ou Joodse volkie het gedurigdeur in sonde verval, en die profete het hulle bly waarsku. Maar hoe harder die profete gepraat het, hoe dieper het die volk in hulle sonde weggesink. Klink dit nie bekend vir vandag se lewe nie? En dan word die volk bitter hard geslaan met 'n reuse geloofskrisis wanneer die enigste stukkie Godsdiens wat nog bedryf was, die tempel in Jerusalem, verwoes word. Alles waarop hulle gehoop het, het verdwyn soos mis voor die son: die nalating van die groot koning Dawid, die tempel, hulle geloof - alles weg! "Is God dan regverdig?" wil die handjievol gelowiges weet. Vir húlle bied Habakuk die wonderlike troosboodskap. Hy moedig hulle aan: "Hou vas aan God, ten spyte van die haglike omstandighede. Hou vas aan julle vertroue in die



Gaan Na Inhoud

Here!”

Vandag gee Habakuk steeds vir ons dieselfde wonderlike geloofsperspektief op die sogenaamde “teodiseeprobleem” - die vraag oor hoe dit dan rym dat die Heilige God kan toelaat dat die bose so ‘n verskriklike oorhand oor die wêreld kan hê? Is dit nog óóit die moeite werd om God te dien? Is Hy óóit nog in beheer? Kom ons kyk wat Habakuk hieroor te sê het!

**Gebed:**

**Here, dankie vir ‘n onbekende profeet wat die moed gehad het om al sy vertroue in U te plaas ten spyte van al die kwellende vrae.**



Gaan Na Inhoud

## Klaaglied oor die Onreg
## Habakuk 1:1-4

Die openingswoorde van hierdie klein boekie is vir ons van uiterste belang. Die vraag is of Habakuk se betoog maar net ‘n gesanik, ‘n weëklag is oor sy lewensomstandighede? Of is dit dalk ‘n verwyt omdat hy gebid het dat die Here moet ingryp, en toe gebeur dit nie soos hy gehoop het nie?

Nee, allermins! Ek en jy, liewe leser, kan verseker wees dat die dinge wat ons in hierdie manuskrip gaan lees, direk van God almagtig af kom. Daarop kan ons staatmaak! Hierdie is nie maar die totaal onbekende profeetjie, Habakuk se gekyf nie. Dit is ‘n uitspraak van die Here Homsélf. Habakuk is slegs die mondstuk om God se woorde aan ons oor te dra. Vir Habakuk was dit ‘n wonderlike openbaring. Vir my en jou kan dit eweneens ’n lig wees wat vir ons opgaan, veral as daar dinge in die lewe is waarmee ons worstel, en waarvoor ons nie antwoorde het nie.

Herken jy dalk die woorde in vers 2: “Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here?” Was dit nie dalk al so dikwels jou eie worsteling



Gaan Na Inhoud

met die Here nie? Is dit nie moontlik op hierdie oomblik jou verwyt aan God nie? Sékerlik het jy dit al ervaar, dat terwyl jy bid, dit vir jou voel asof God Hom afgesluit het van jou af. Dat Hy nie eers luister na jou smekinge nie? Is Hy ooit nog daar? As jy dalk so voel, hoef jy nie alleen te voel nie. Jy is nie die enigste met so ‘n probleem nie! Elke gelowige gaan die een of ander tyd deur so ‘n krisis in sy lewe. Elke gelowige wonder soms of God ‘n werklikheid is. Elke gelowige bekla iewers in sy lewe sy lot voor die Almagtige. En daarom kan ek en jy ons beslis identifiseer met die klaaglied wat oor Habakuk se lippe borrel.

Maar waaroor gaan Habakuk se klaaglied? In die Bybel kom daar tipies 2 soorte klaagliedere voor: die “hoe-lank” klagtes, en die “waarom” klagtes. Die Psalms wemel van hulle: Ps 10, 13, 22, 28, 31 en 88. Dan is daar natuurlik ook Jeremia met sy Jermiades asook Habakuk. Dit gee uitdrukking aan die nood wat die klaer beleef. In vers 2 en 3 gaan Habakuk se klag oor die verskriklike onreg. ‘n Mens lees daarin radeloosheid, wanhoop en vertwyfeling. Die arme man roep God aan, maar al wat hy hoor is



**Gaan Na Inhoud**

‘n oorverdowende stilte. “Hoe lank nog? Waarom?” snik hy. Maar vir hom voel dit asof God maar net ‘n onbetrokke Toeskouer is. Het jy nie ook al so gevoel nie? Eintlik is dinge vir Habakuk nog veel erger: die Here is die Een wat veroorsaak dat Habakuk hierdie dinge raaksien! Oral om hom sien hy geweld as hy net sy oë oopmaak, en onreg, ellende en onderdrukking. Mense baklei met mekaar en hulle twis. In kort, die ganse samelewing is in chaos gedompel! Van menseverhoudinge is daar géén sprake nie. Sosiale én etiese norme is by die venster uitgegooi.

Habakuk se skouers hang! Die samelewing is siek! En die ergste is dat dit vir hom lyk asof God totaal passief, of erger dalk nog, gans en al afwesig is!

En wat is die gevolge hiervan? Wanneer ‘n samelewing so verskriklik siek word, raak God se stem stil. Mense hoor nie meer dat Hy praat nie, gevolglik het die wet nie meer krag nie. Daar geskied géén reg meer nie! Dit is ‘n bose kringloop, want dit veroorsaak dat die slegte mense die oorhand kry oor die goeies. Die reg word verkrag! En hoe meer dit gebeur, hoe erger


**Gaan Na Inhoud**

word die onreg, ellende, onderdrukking en al die ander dinge wat daarmee saamgaan.

Habakuk se worsteling met die Here gaan oor egte lewensvrae van sy tyd. Dit gaan ook oor presies dieselfde lewensvrae wat ek en jy vandag elke dag beleef. Kyk maar rondom jou, en jy sien elke liewe ding wat Habakuk noem in ons eie samelewing. Hierdie klaaglied kan net sowel vandag, in die jaar 2018 nC geskryf gewees het. Die onreg op alle terreine van die lewe, die werkplek, sport, sosiale lewe - oral waar jy gaan, is hartverskeurend. Geweld sien jy om elke hoek en draai. Ellende is deel van ons daaglikse lewe, mense wat in die grootste ellende probeer oorleef. Bakleiery oor nietighede, twis, die slegtes wat die oorhand kry, onderdrukking, die wet wat kragteloos geword het. ‘n Moordenaar word byvoorbeeld deur die polisie vasgetrek en voor die hof gedaag, maar die saak word uitgegooi omdat iemand nie sy werk behoorlik gedoen het nie. Wat het van die reg geword?

Habakuk nooi jou en my vandag om ook met die Here te worstel oor hierdie dinge, oor ons lewensvrae waarvoor ons nie antwoorde het nie.



**Gaan Na Inhoud**

Jy sal egter ‘n wonderlike ontdekking maak: dat God nie afwesig is, soos baie mense wil glo nie, maar dat die Lewende Here nie ver van jou af is nie! Om die waarheid te sê is Hy baie nader aan jou as wat jy dalk verwag. Habakuk het ontdek dat sy vermoede dat die Here hom nie hoor nie, totaal ongegrond was. En hy wil dan ook vir jou en my opgewonde kom vertel dat die Here hoor, en dat Hy antwoord, maar dikwels op die mees onverwagte manier en tyd. Vra gerus maar jou kwelvrae aan Hom wat luister. Maar vra jou vrae gelowig!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U luister na elkeen van my vrae en elkeen van my kwellinge. Dankie dat U daar is vir my, elke oomblik van die dag.**



Gaan Na Inhoud

## Die Galdeërs Kom!

## Habakuk 1:5-11

Habakuk bekla sy lot by die Here oor die verskriklike onreg waarin sy volk verval het. “Here, hoe lank nog?” Sou die Here hom ooit antwoord?

Dikwels ervaar ons dat die Here se antwoord op ons lewensvrae teleurstellend baie verskil van die antwoorde wat ons graag sou wou hê. Ons bid dalk vir rykdom, maar Hy antwoord deur vir ons armoede te gee. Ons bid vir genesing, maar ons gesondheid verswak verder. Ons pleit vir reën, maar die Here antwoord met ‘n verwoestende droogte. Habakuk moes ontdek dat die Here dikwels baie anders gee as waarop jy hoop. Hy sê nie altyd wat ek graag sou wou hoor nie.

Vandag moet ons egter baie duidelik besef: Hy is die Lewende God! Hy is die Een wat die lotgevalle van nasies bepaal. Hy is altyd in volle beheer, al voel dit soms nie vir ons so nie. Die manier waarop Hy werk, kom vir ons as mense dikwels baie vreemd en verrassend voor. Hy kan soms selfs goddelose heidene gebruik om Sy



Gaan Na Inhoud

groot doel te bereik! Al wat Hy van my en jou as gelowiges vra, is om in volle geloof steeds aan Hom vas te hou en Hom ten volle te vertrou.

Na Habakuk se ernstige gebed om ‘n uitkoms, kom die Here se antwoord op so ‘n oorweldigende wyse dat die arme ou Habakuk amper van sy stoel af val. “Ek gaan die Galdeërs laat kom!” Habakuk skrik hom byna in ‘n ander geloof in. “Die Galdeërs!?” Die blote gedagte aan hierdie wrede nasie wat Israel al soveel ellende besorg het, laat hom inmekaar krimp van vrees. Hulle het soos ‘n onstuitbare Tsunami-golf eenvoudig oor alles en almal in hulle pad gestoomroller. Hulle het vrees en bewing ingeboesem by elke volk in die bekende wêreld. Hulle was die verpersoonliking van alles wat goddeloos en wreed en harteloos was. En God wil húlle gebruik?

“Here, help ons!” Só kan ons die arme ou Habakuk se noodkreet hoor, maar daar is géén reddingsgordel in sig nie. Al wat Habakuk sien is nóg erger verwoesting en wreedheid. Vir Habakuk het dit sékerlik géén sin gemaak nie. Maar dit is dikwels juis deur hierdie totaal onverstaanbare dinge waarmee God Sy doel



**Gaan Na Inhoud**

bereik met die wêreld en met jou en my. God se stem is beslis nie stil nie. Maar ons hoor Hom praat op ‘n baie ander manier as wat ons verwag.

Diegene wat bekend is met die Laeveld, sal beslis weet van die Salatiwind. Hierdie wind ontstaan uit die noorde, en soos die dag aanstap raak die wind al warmer en droër. Dit verskroei alles in sy pad. Dit voel later asof daar nie meer suurstof in die lug is nie. Jy hyg na asem, en die vurige wind brand jou longe soos ‘n kool vuur elke keer as jy ‘n asemteug vat. Die temperatuur draai by 50 grade en dit dreineer jou van elke stukkie krag. Dit voel asof daar net geen einde in sig is nie. Die arme diere staan maar net lusteloos rond en niksdoen. Dit help nie eers veel om ’n skadukolletjie uit te soek nie, want in die koelte van ’n boom is dit amper warmer as in die vol son. Maar al die Laevelders weet dat hierdie verwoestende wind reën bring, en daarom verdra jy dit. So was die onversadigbare veroweringsdrang van die Galdeërs. Dit was ‘n verwoestende Salatiwind wat alles voor hulle verskroei het. Niks het voor hulle staande gebly nie. Die een volk na die ander het voor hulle



Gaan Na Inhoud

geval, totaal verpletter. Van teenstand het hulle ‘n bespotting gemaak.

Hoe ironies dat hierdie volk wat die Here gebruik, Hom gladnie erken nie. “Hulle ken net een wet, een trots, hulle eie.” (Hab. 1:7). En hulle ken net een god: hulle eie mag! (v 11)

Op die oog af lyk dit asof die Here se antwoord nie die probleem waaroor Habakuk oorspronklik gebid het oplos nie, dit vererger dit net! Daar was onreg, en nou stuur die Here totale verwoesting! Dit maak nie sin nie! Die stem van God klink hier vir ons onverklaarbaar vreemd. Soveel so, dat ons dit amper nie as God se stem herken nie. Dit laat ons met baie meer vrae as antwoorde. Waarom laat God al hierdie lyding toe?

Daar is geen goedkoop antwoorde op hierdie soort vrae nie. Ons het immers geen insae in God se groot raadsplan nie. Maar één ding moet ons weet: God is aan die werk in hierdie wêreld en in my en jou lewe. Dit staan vas! Al wat Hy van ons vra is dat ons Sy werk in ons lewe sal erken, en Hom daarin sal vertrou, al is dit dan ook baie anders as wat ons dit graag sou wou



**Gaan Na Inhoud**

hê. As die stormwater my meesleur, mag ek dalk nie daaruit gered word nie. Maar Jesus is elke oomblik langs my in daardie siedende massa, en Hy hou my hand styf vas. Vertrou op Hom! Daardie selfde stormwater mag my dalk wegvoer na onbekende plekke waarvan ek nog nooit eers gedroom het nie.

Habakuk moes leer van ‘n nogtans-geloof. Hy moes leer om op God te bly vertrou, selfs deur die grootste nood. Soms gebruik die Here juis sulke groot nood om ons geloof in Hom te versterk. Moet dus nie moedeloos raak nie - glo net!

**Gebed:**

**Here, die storms van die lewe dreig dikwels om my totaal te verswelg. Help my asseblief sien dat U altyd by my is, en dat ek op U kan vertrou.**



Gaan Na Inhoud

# Géén Uitkoms!

## Habakuk 1:12-17

Habakuk se mond hang behóórlik oop van verbasing en verbystering as hy die Here se antwoord hoor op sy gebed. Dit kan tog nie wees nie! Die Here gebruik dan 'n goddelose nasie om die Volk te straf! Is die Here dan nou aan die Galdeërs se kant? Daardie roekelose, Goddelose klomp wreedaards? Maar dan sien ons dat Habakuk die interessante ding doen: hy skud nie die stof van sy voete af en draai sy rug op die God wat, soos dit vir hom lyk, hom totaal versaak het nie. Nee, hy gaan júis **NA** God toe en worstel met Hom oor die probleem. Hy worstel nie **OOR** God nie maar **MET** Hom. Daar is 'n baie groot verskil!

Wat behels Habakuk se verskriklike worsteling? In vers 12 tot 14 sien ons dat Habakuk vir die Here sê dat wat Hy nou gaan doen darem nie regverdig is nie. Sê ek en jy nie maar ook partykeer so nie? Nogtans bely Habakuk dat hy steeds glo dat die Here onverganklik en ewig is: "U is van altyd af daar, Here, U is my heilige God!" ( v 12). Vir Habakuk is die Here steeds sy



Gaan Na Inhoud

Rots waarop hy kan vertrou, sterk en magtig. En hy besef maar ál te goed dat die reinheid en heiligheid van die Here so skitterend, só glansend is dat Hy net eenvoudig nie eers kan verdra om al die onreg in die volk te sien gebeur nie.

Dink net: hoe moet die Here vandag voel oor die gruwels wat in ons eie land aan die gang is? Hoe voel die Heilige oor die vlaag van prostitusie, pornografie, dwelms, drankmisbruik, mensehandel, dobbel en losbandigheid? Dan het ons nog nie eers geraak aan dinge soos geweld, roof, diefstal, moord, kindermishandeling, korrupsie en al die ander lelike dinge nie. Hierdie goed spoel soos 'n wal vuil, stinkende rioolwater elke dag oor jou. Hoe verskriklik seer moet dit nie die Heilige God maak nie? Hy wat hierdie mense Sélf geskep het nie! As die Here vandag die ganse aarde uit die hemelruim sou wegvee oor al die gruwels daarop - sou dit dan onregverdig wees? Ek dink jy sal met my saamstem dat dit hééltemal regverdig sou wees!

Wat Habakuk egter grief, is die manier wat die Here kies om die volk te straf vir hulle gruweldade. Waarom dan die Galdeërs gebruik

om dit te doen? Waarom moet ‘n nasie wat bekend is vir sy goddeloosheid dan die vonnis voltrek? Habakuk kan nie verstaan nie! Kan die Here dan nie insien dat onskuldige mense, regverdige mense óók daaronder gaan ly nie? Daardie arme mense gaan net eenvoudig verslind word deur die Galdeërs, asof hulle maar net nietige visse is, of insekte wat vertrap word. “Waarom bly U stil, Here?” (v 13) Só snik Habakuk sy nood uit teenoor sy Rots, sy Anker van Wie hy so pas bely het.

Is dit nie ook maar hoe ek en jy soms voel nie? Is dit nie dalk ook maar die geheime vrees wat in ons harte inkruip nie? Hoor die Here ooit nog my soebat-gebed? Is Hy nie dalk dood nie? Is Godsdiens nie dalk net oëverblindery nie? Dalk skrik jy vir hierdie vrae, maar hulle is aktuele vrae wat selfs die diepste gelowige soms teister.

Vir Habakuk voel dit nou kompleet asof God totaal afwesig is, want hierdie Galdeërs neem oor. Hulle is soos ‘n reuse vissersboot wat sy nette en gevaarlike hoeke uitgooi en vang wat voorkom. Niks ontsnap hulle reuse treknette nie, en daar is groot joligheid op die skip oor hulle gulde vangs. Die walglike geur van hulle offers

aan hulle afgode styg in die lug op, en die walm van wierook hang swaar in die lug - wierook wat getuig van die sukses van hulle vangs. Hulle word stink-ryk uit hulle vangs, en hulle leef in die grootste weelde. Vir Habakuk voel dit asof daar géén einde is aan die marteling nie. Dit hou net aan en aan en aan. “Hoe lank nog, Here,” hoor ons hom swaar sug. Hy het breekpunt bereik. Sy lyding het ondraaglik geword.

Hoor jy dalk in Habakuk se wanhoopskreet so ‘n ietsie van die wanhoop wat jy sélf ervaar? O ja, daar is beslis gelowiges wat op hierdie oomblik so ‘n sieleworsteling beleef. Ervaar jy dalk vandag daardie verskriklike worsteling? Moenie alleen voel nie! Jy is beslis nie die enigste wat so voel nie.

Maar dan wil ek vir jou vanoggend sê dat jy nie moedeloos moet word nie. Net in die volgende hoofstuk van hierdie kosbare boek kom Habakuk en hy gee vir ons hoop. Kom luister saam met my in afwagting na hoe Habakuk op ‘n uitkyktoring gaan staan en uitkyk het. Hoe hy gesien het dat alles beslis nie maar net wanhoop is nie. Een van die baie mooi oomblikke in my lewe het ek beleef in die noorde van Zoeloeland,

toe ons in Thembe Olifant Park een aand met sononder op ‘n verlate plek tot bo op ‘n watertoring geklouter het. Terwyl ek en Mosbolletjie oor die eindelose bosse tuur, het die lug verander in die mooiste kleure van geel, oranje en rooi, wat die ongerepte bos omtower het in ‘n wonderwêreld van kleur, en kon ons die asemrowende wonder van God se nabyheid indrink. In die volgende dagstukkie gaan ons DV saam met Habakuk op sy toring staan en die troosboodskap van die Here ervaar.

**Gebed:**

**Here, dikwels lyk dit asof daar absoluut géén uitkoms is nie. Dankie dat U steeds daar is, en dat ek maar net na U kan uitreik.**

# Krisistye

## Habakuk 2:1-4

‘n Paar jaar gelede het ek deur ‘n baie groot krisis in my lewe gegaan. Alles wat kon verkeerd gaan hét verkeerd geloop. Eers was dit my gesondheid wat ‘n groot slaggat tref: die diagnose was kanker. Allerhande ander komplikasies duik op en ek land drie keer in die hospitaal. ‘n Baie groter krisis het egter op my gewag, toe ons finansies totaal in duie stort. Dit het vir my gevoel asof die ganse wêreld op my twee ou skouertjies sy sit kom kry het. Die las was gans te veel om te dra. Ek het gehuil, gekerm, my lot voor die Here uitgestort en gesmeek om uitkoms. Die lewe het gladnie meer vir my sin gemaak nie. Vir die wêreld daar buite het ek ‘n dapper gesig opgesit en probeer maak asof alles nog goed gaan, maar binne was dit ‘n verwarde en bitter bekommerde mens. Vir my was daar nie eers die vaagste ou sweempie van lig in die lang, pikdonker tonnel nie. Ek het by my breekpunt gekom.

Een ding waaraan ek egter krampagtig vasgeklou het, is die geloof wat die Here my

gegee het. Dit is die mees kosbare ding wat Hy my ooit kon gee. En dan was daar die wonderlike ding: die Here het my nie maar aan my eie genade oorgelaat nie. Hy het mense op my pad gestuur om my oë oop te maak deur hierdie groot krisis, sodat ek die lig kon sien. Dikwels het hierdie mense nie eers geweet van my krisis nie, maar het hulle net presies die regte ding op die regte tyd gesê om my hoop te gee. Daar was diegene wat ook in hulle lewe deur 'n soortgelyke krisis was, en my vertel het hoe die Here hulle daardeur gedra het. Stadigaan het die Here my gewys hoe om die krisis te hanteer en op Hom te vertrou. Glo my: dit is nie maklik nie! Dit kos 'n wilsbesluit van jou kant af om nie te gaan lê nie. Vir selfbejammering is daar absoluut géén plek nie.

Intussen het my mond behoorlik oopgehang, want van oral oor het mense hulp aangebied. Ek wou nog soek vir blyplek, toe bied iemand my 'n woonstelletjie aan vir solank dit nodig is. Ons is oorlaai met liefde en hulp, en skielik kom ek agter dat ek baie meer vriende het as wat ek ooit van kon droom.

Nee, die krisis het nie dadelik soos mis voor die


**Gaan Na Inhoud**

son verdwyn nie. Maar in die proses het ek geleer om baie nader en in baie groter afhanklikheid van die Here te leef. Ek het ook geleer om alleen in vertroue in Hom te leef. Vandag is ek rustig en borrelend gelukkig, en die lewe het nou méér sin as óóit te vore, ten spyte van daardie krisis, asook 'n hele paar wat daarna nog sou volg.

Habakuk moes ook ervaar, dat wanneer jy die dag by ‘n breekpunt in jou lewe gekom het, die Here ‘n keerpunt in jou lewe bewerkstellig. Die Here se antwoord aan Habakuk het nie die probleem laat verdamp nie. Hy het nie maar ‘n woord gespreek, en skielik was al die probleme weg nie. Habakuk moes ervaar dat hierdie soort worsteling jou perspektief op die lewe verander. Dit verander van jou nood af na God toe. Dit verander van wanhoop af na vertroue toe. Dit verander van dood af na lewe toe. Vandag wéét ek dat in hierdie verskriklike krisisse wat ek beleef het, die Here elke oomblik langs my gestaan het. Hy dra my deur my nood.

Wat het Habakuk gedoen toe die krisis hom tref? Het hy in ‘n donker gat gaan wegkruip? Het hy in sak en as gaan sit? Het hy sy hande in die lug


**Gaan Na Inhoud**

gegooi en gesug: “Alles is verby!?" Nee! Hy hardloop die trappies teen sy wagtoring so twee-twee op, en hy gaan kyk of hy iets kan sien. Wat wil hy sien? Of die vyand al op hom is? Beslis nie! Hy wil sien wat die Here se antwoord is! Hy wil gaan verneem wat die Here vir hom wil sê.

Dink jy dat Habakuk die antwoord gekry het wat hy graag sou wou hê? Nee! Die antwoord van die Here is ‘n groot verrassing: Habakuk moet die woorde wat die Here hom sou gee in groot letters op kleitablette gaan skryf en uitstal sodat almal dit kan lees (in vandag se terme sou dit op Facebook uitgeskree wees). Dan moet hy net geduldig gaan wag tot verdere kennis. Die boodskap wat Habakuk op sy “plakkate” moes skryf, het gelui dat diegene wat ‘n verkeerde gesindheid het, hulle straf sal kry. Dié wat egter die regte gesindheid het, sal die lewe kry. Dit herinner ons aan die eenvoudige preek wat Jona moes lewer in Nineve. Dáár het die boodskap ‘n oorweldigende reaksie gehad. Sou dit dieselfde geval hier in Israel wees? Habakuk moes maar net geduldig wag en sien - dalk gebeur dit, dalk nie.

Sit jy dalk vandag met ‘n groot krisis in jou lewe?



**Gaan Na Inhoud**

Aanvaar in die eerste plek dat jy ‘n krisis beleef, en dat dit dalk nie soos mis voor die son gaan verdwyn nie. Besef ook dat die Here dalk juis hierdie krisis gebruik om ‘n baie besonderse doel in jou lewe te bereik. Moenie wegdryf van die enigste Een wat jou deur die krisis kan dra nie, maar klou krampagtig aan Hom vas. Moenie in ‘n hoekie gaan sit nie, maar leef voluit, borrelend! Neem die wilsbesluit om ten spyte van die probleme ‘n lewe gevul met blydskap te lewe. Dit werk! Ek het dit sélf ondervind! Nee, maklik is dit beslis nie, maar dit is wél baie moontlik!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U my dra deur my krisis, en my boonop nog blydskap ook gee. Dankie dat U my ‘n oorvloedige lewe gee ten spyte van my krisis.**



Gaan Na Inhoud

## Vasbyt!

## Habakuk 2:4-8

Net waar Habakuk ookal kyk uit sy uitkyktoring, sien hy moeilikheid. Hier onder hom leef die volk in sonde en op die horison sien hy die goddelose Galdeeërs wat genadeloos nader kom. Watter troosboodskap kan hy neerskryf te midde van al die probleme? Die klein handjievol regverdige mense is uitgelewer aan ‘n oormag van onheil. Is daar vir hulle ooit ‘n uitkoms? Watter trooswoord kan jy vir ‘n kind van God gee in sulke omstandighede, sodat dit nie maar net ‘n hol dop is met ‘n bietjie suiker om nie?

Vers 4 en 5 is eintlik die hart van die boek. Die onregverdige sal wél sy verdiende loon kry, maar intussen stoom hy voort! Nogtans sien ons, amper weggesteek, dat die regverdige sal lewe mits hy getrou bly.

Die Here ontmoet Sélf vir Habakuk by die keerpunt in sy worstelstryd. Hy wil by Habakuk dit tuisbring dat hy nie reg in eie hande moet neem en hooghartig optree, asof God nie meer bestaan nie. Volhard tot die einde toe! Hardloop op God se pad. Bly wag op Hom, ten spyte van



**Gaan Na Inhoud**

al die terugslae wat die lewe jou gee. Bly deur alles getrou, en jy sal lewe. Dit is baie eenvoudig. Maar maklik? Baie beslis nie! Dit is nie jou eie maklike uitweg wat jou die lewe bring nie, maar God se pad, die swaarkrypad.

Die Here se perspektief is baie anders as ons s'n. Hy sien tot by die eindbestemming. Ons staar ons egter gewoonlik blind teen die probleme reg by ons. Teenspoed en swaarkry is deel van die lewenswedloop wat ons hardloop. Dalk kan ons dit op 'n manier met die Comrades-marathon vergelyk: 'n Integrale deel van die wedloop is die pyn wat jy beleef, die krampe, dors, moegheid, seer voete. As jy halfpad sou besluit dat jy eerder in 'n motor gaan klim en ry tot by die eindstreep, sal jy beslis gediskwalifiseer word. Jou eie maklike uitweg bring jou niks in die sak nie!

Habakuk het daar van sy uitkyktoring af die vloedgolf van onheil sien aanrol. Omring deur die golwe het hy daar gestaan. Maar dan kom die Here se trooswoord, dat daar ook 'n einde sal kom aan al die goddeloosheid. Hulle vernietigingstog sal beslis nie vir altyd so voortgaan nie. Op daardie stadium was alles

steeds só oorweldigend vir Habakuk: die magshonger; die onversadigbare drang na rykdom; die gulsige, onversadigbare aptyt van die hoogmoedige goddeloses. Angswekkend!

Maar die Here laat Habakuk die prentjie sien met ander oë. As jy jou geloofsbril opsit en met geloofsoë na die wêreld rondom jou kyk, sien jy ‘n totaal ander prentjie. Die vloedgolf van die goddelose lyk onstuitbaar. Ons vergeet egter so maklik dat God almagtig is, en dat Hy daardie vloedgolf met een enkele woord uit Sy mond kan stuit.

Die wiel is besig om te draai - God se wiel. Skielik sien ons dat dieselfde mense wat deur hierdie oormag van goddeloses weggevoer is, spotliedjies sing oor hulle ontvoerders. Wat het dan gebeur? Hulle sing selfs ‘n begrafnislied oor hom! Wat gaan aan? Dit is die wiel wat draai!

'n Groot kenmerk van die goddelose, is dat alles net in homself sentreer. Ten koste van ander mense, verryk hy homself. Hy slurp rykdom en mag op, dinge wat nie aan hom behoort nie. Hy stroop ander van alles wat hulle het om sy eie onversadigbare lus te bevredig. Bloedvergieting

en geweld, is deel van sy taktiek om meer en meer te kry.

“Ellende wag op hom,” sing al die regverdiges, “Ellende wag op hom!” Die tyd kom nader dat die rolle totaal omgekeer gaan wees, en dat hierdie selfde gulsige goddeloses kaalgestroop sal staan. Nou sal dit hý wees wat geplunder word, en dit sal hý wees wat die knie moet buig voor die skuldeisers.

Is dit nie absoluut asemrowend hoe tydloos die Bybel kan wees nie? Habakuk kon net sowel in die jaar 2018 geskryf gewees het, want 2600 jaar het soos ‘n oogwink verbygevlieg, en ons sien ons moderne samelewing presies soos wat Habakuk dit beskryf. As gelowige raak ons vandag moedeloos as ons die vloedgolf rondom ons sien. Presies dieselfde honger na mag en rykdom is vandag die norm van die samelewing. Die klein handjievol gelowiges wat die regte pad probeer loop, dié pad wat God aandui, is ver in die minderheid. Dit voel asof ons totaal verdruk en onderdruk word deur die goddelose massas. Geweld en bloedvergieting is aan die orde van die dag, en dit voel asof daar geen uitkoms is nie. “Hoe lank sal dit nog voortduur?” huil ons


Gaan Na Inhoud

saam met Habakuk.

Maar dan moet ons verseker weet dat God se wiel steeds draai, net soos in die tyd van Habakuk. Ons moet net vasbyt: die uitkoms is daar! Ons moenie moed opgee nie - God is steeds nét so magtig soos in Habakuk se tyd, en Hy is stééds in beheer. Die goddelose se dag sal kom, en dan sal dit óns wees wat in glorie kan toekyk hoe reg geskied. Nog net ‘n kort tydjie! Die dag van die Here is naby!

**Gebed:**

**Here, dit is nie maklik om in U wedloop te hardloop nie. Gee my asseblief die vasbyt en deursettingsvermoë om deur te druk tot die einde.**



Gaan Na Inhoud

# Die Here is die Regter

## Habakuk 2:9-20

Alles lyk so bitter onregverdig! Die goddelose baljaar in die skatte wat hy vir hom bymekaar gemaak het deur op ander te trap. Sy rykdom kom deur korrupsie en deur niks vir enige ander mens te gun nie. Wéét dan vandag: Ellende wag op hom! Só het die Here vir Habakuk gesê, en só sê Hy vandag steeds vir ons.

Ek het al so dikwels die sug gehoor van gelowiges wat kla oor die onregverdigheid daarvan dat die goddelose skynbaar alles in die lewe kry. Dit is húlle wat in die groot paleise woon en dit is húlle wat op luukse vakansies kan gaan. Dit is húlle wat die luukse motors kan bekostig, en dit lyk asof daar absoluut níks kortkom in hulle lewens nie. Dit lyk vir ons só onregverdig! Veral as daardie mense hulle rykdom op ‘n oneerlike manier bekom het. Kyk maar byvoorbeeld net in watter luuksheid die dwelmbase leef. Hulle is onaantasbaar en hulle rykdom ken geen einde nie. En dit terwyl duisende lewens in die proses verwoes is, lewens van onskuldige kinders wat in hulle kloue


Gaan Na Inhoud

beland het.

Elke dag sien ons op TV en in die koerante van korrupsie wat asemrowende rykdom vir iemand gebring het, maar in die proses het duisende mense groot skade gely. Daagliks sien ons hoedat iemand wat in die politiek betrokke is, sy mag misbruik om groot skatte bymekaar te maak ten koste van ander. En omdat hulle die beste regslui kan bekostig, of omdat getuies vir hulle lewens vrees, kom hulle dikwels skotvry daarvan af. Dit voel net eenvoudig nie regverdig nie!

“Ellende!” skreeu Habakuk. “Ellende!” Maar hy sê dit nie uit moedeloosheid nie. “Ellende is wat wag op hom wat hom ten koste van ander wou verryk.” (Hab 2:9). Daardeur het hy nie alleen ‘n ramp gebring oor homself nie, maar ook oor sy familie. Habakuk sê dat daardie man gesien het dat daar ‘n ramp op pad was, en toe bou hy vir hom ‘n hoë nes om dit vry te spring. Maar alles vergeefs! Selfs die klippe en die balke in sy vesting, wat hy natuurlik gebou het met die bloedsweet van ander mense - sy slagoffers, het teen hom getuig. Dit het uitgeskreeu dat hy skuldig is. Ja, ellende wag op hom!



**Gaan Na Inhoud**

Ons het die afgelope paar jaar ‘n paar opspraakwekkende hofsake gehad van mense wat hierdie soort lewe geleef het. Soms het dit vir ons gevoel asof reg nie waarlik geskied het nie, en dat die straf wat hierdie boewe opgelê is nie eers naastenby betaal vir die onreg wat hulle ander mense aangedoen het nie. Maar sy straf sal hy uiteindelik kry! Onthou jy nog die misdadiger, Dirk Prinsloo? Tydens sy hofsaak het hy die land uitgeglip en vanuit Rusland vir die regering sit en lag. Sy lot was uiteindelik baie erger, toe hy in Bello Rusland in die tronk beland - ‘n tronk wat berug is vir sy gruwelike mishandeling van gevangenes.

“Ellende!” skreeu Habakuk verder. “Ellende!” Iemand “wat ‘n stad bou met moord en wat ‘n dorp aanlê met onreg” (v 12) sal uiteindelik tóg sy rieme styfloop. “Hoe kom mense weg met al die gruwels wat hulle aanvang?” wil ons dikwels vra. Vir ons lyk hulle dikwels onaantasbaar agter die ontoeganklike skanse wat hulle vir hulleself bou. Maar Habakuk sê dat so ‘n persoon nie rekening hou met die feit dat hy met die Almagtige God te doene het nie. “Soos die waters die seebodem bedek, so sal die magtige

teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word." Só sê Habakuk. By ons as mense en by die gereg sal hulle dalk nog verby kom, maar by die Here sal hulle nóóit verby kan kom nie, want oral waar hulle kyk, is die Here! Uiteindelik sal hulle ook hulle verdiende straf kry, en sal geregtigheid geskied! "Ellende wag op hulle," sê Habakuk. Waarom sal ons dan bang wees, en waarom sal ons moedeloos raak?

'n Derde keer sê Habakuk "Ellende wag op hom." Magsmisbruik kan dalk net 'n dodelike boemerang word. Iemand wat sy mag misbruik om diegene in sy mag van hulle waardigheid te stroop - om hulle naak voor die wêreld te laat staan, kan dalk in presies dieselfde bootjie beland. Sy grootheid en aanskoulikheid gaan eendag teen hom draai, en dan sal hy sélf daar staan, al sy skande ontbloot! Magsmisbruik boemerang! Wees gewaarsku!

Maar waaroor gaan dit alles? Wat is die grondoorsaak van al hierdie magsmisbruik? En wat veroorsaak uiteindelik hulle ondergang? Afgode! Om op enige ander ding te vertrou, en nie al jou vertroue in God te plaas nie, dien jy afgode. Na die ellende-uitsprake kom Habakuk



**Gaan Na Inhoud**

tot die slotsom dat dit nie die gelowige (regverdige) is wat sinloos ly nie, maar juis die goddelose wat sinloos lééf. Dalk geniet hy nou sy voorspoed. Sy einde is egter onafwendbaar. In teenstelling wag daar op die gelowige ‘n ewige lewe van glorie en blydskap. Dit is dan ook nét gepas dat Habakuk afsluit met hierdie lofbetuiging: “Die Here is in Sy heilige tempel: almal op aarde moet in Sy teenwoordigheid stil wees!” (v 20).

**Gebed:**

**Here, ek loof en prys U grote Naam. Dankie dat ek die reg in U bekwame hande kan laat.**



Gaan Na Inhoud

# ‘n Loflied

## Habakuk 3:1-2

Jare gelede, voordat die finansiële krisis die mat onder ons uitgeruk het, het ons 'n boshuisie gehad in die wonderlike vakansiedorp, Marloth Park. By een geleentheid het die Laeveld gebuk gegaan onder ‘n knellende droogte. Lentetyd kon ek en Mosbolletjie ons verlange na die Bos net nie meer hou nie, en ons skakel vir Dirkie om ons boshuisie vir ons gereed te kry vir ’n kuiertjie. “Hoe gaan dit?” vra ek sommer uit gewoonte. Ek moes seker nie gevra het nie, want toe bars sy sommer in trane uit. Sy snik jammerlik oor die verskrikking van die droogte, en hoe die diere so verskriklik swaarkry. Daar is niks kos in die veld oor nie, en die diere is besig om op strepe te vrek van die honger. Die veldwagter het al gedreig om ál die rooibokke uit te skiet, want so kon dit nie aangaan nie. “En waarom moet hulle dan so ly oor ons mense sondig lewe?” wou sy weet. "Dis alles óns skuld dat die Here die hemel toehou en dat die reën nie wil kom nie! Kyk na ons land, en al die verskriklike dinge wat hier gebeur. Kyk net hoe lewe ons - hoe kan ons ooit verwag dat die Here



Gaan Na Inhoud

weer vir ons reën sal stuur? Ons verdien dit nie. Maar die arme onskuldige diere........"

Maar g'n droogte hou my uit die Bos uit nie, en ons vat die pad. Ek skrik as ons die Laeveld sien! Ek het nooit besef hoe erg die droogte kan wees nie. Ek stap verwese deur die barre veld. Klippe knars luidrugtig onder my skoensole. Nêrens is daar 'n enkele grassie te bespeur nie, net die kaal, klipperige grond. 'n Verskriklike stank tref my. 'n Naar kol op my maag dreig om my te oorweldig as ek op 'n rooibok karkas afkom. Dis lente, maar selfs aan die bome is daar nog nie 'n stukkie groenigheid te bespeur nie. Die spookgeraamte van 'n rooibokram skarrel halfhartig weg, sy oë dof en leeg. "Hoe lank nog, Here, hoe lank nog moet ons so ly?" bid ek. Ek gaan sit teen die skurwe stam van 'n knoppiesdoring. "Hoe kan daar óóit weer lewe voortkom uit hierdie kliphardgebakte, morsdooie grond?" Ek voel moedeloos, en ek dink: "Menslik gesproke is dit totaal onmoontlik."

En dan, die volgende oggend steek daar 'n Salatiwind op. 'n Vuurwarm Noordewind wat alles wat nog effens lewe het, totaal verskroei. Ek word beroof van my asem. My longe brand.



**Gaan Na Inhoud**

Kan hierdie dorre veld dit nog langer verdra? Sal hier na dese ooit nog énige lewe oor wees?

Laatmiddag is daar skielik ‘n windstilte. Dit is asof die geraamtes van die bome in afwagting stilstaan en luister. Daar is nêrens ‘n beweginkie nie. ‘n Ongemaklike, doodsheid hang oor die hele Laeveld. Dan sien ek in die Suid-ooste, eers net 'n klein wolkie, en dan bou ‘n swart wolkbank op. Dit maal en kook in die hemel, en die wind begin stadig draai. Oral word die lug gevul met wolkies wat saamkoek om reuse massas swaar-swanger wolkskepe te vorm wat verwoed voortseil op die hemelgolwe. Die lugruim is swaar gelaai met elektrisiteit, en dit rammel en dreun sodat jy dit hier diep in jou binneste kan voel. Stelselmatig bou die spanning op totdat swaar donderslae oorverdowend deur die bosse weergalm, oor en oor en oor. En dan val die eerste swaar reëndruppels op die dorre aarde. Stof spat op as die water die dooie aarde tref. Skielik word die sluise vol oopgetrek en in strome kom die watermassas uit die hemel uit.

Die volgende dag reën dit weer, én die dag daarna, totdat die eens-dorre aarde deurdrenk is met lewe-gewende water. Slegs enkele dae na



**Gaan Na Inhoud**

die eerste reëns kry die barre grond ‘n groen skynsel, en tien dae later is die ganse veld getooi in ‘n lowergroen tapyt. Die aaklige droë deurmekaartakke van die Mopaniegranaatbosse bars oop in ‘n vrolike geel massa blomme. Die rooibokke huppel en spring oor die splinternuwe veld, en daar is ‘n lied in my hart!

Habakuk begin sy boek met ‘n swaar versugting: “Hoe lank nog moet ek om hulp roep voor U hoor, Here?” En skielik verander hierdie klaaglied in ‘n loflied. Vir langer as ‘n week het ons geworstel met neerdrukkende dinge wat Habakuk vir ons beskryf. Maar nou sien ons die ander kant, die jubelende kant daarvan. Habakuk se wanhoop verander in hoop, en hy gaan die toekoms tegemoet met ‘n lied in die hart. Habakuk het die geheim van die nogtans-geloof ontdek. Hy besef dat God getrou is. Hy het gister gesorg vir my, vandag doen Hy dit en verséker sal Hy more steeds vir my sorg.

Hoofstuk 3 is ‘n gebed wat hy sing, ‘n lofsang vir die Here. Dit is egter nie ‘n eenman-lied net vir homself nie, maar hy betrek ook die koorleier en daar kom “snarespel” saam met die lied. Dus word hierdie loflied 'n gemeentelied. Inderdaad


**Gaan Na Inhoud**

sing ons vandag nog steeds hierdie wonderlike lied in die kerk: “Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie.....”

Wanneer Habakuk hierdie lied aanhef, word hy vervul met ontsag oor al die dade van die Here. Nou beskuldig hy nie meer die Here dat Hy nie luister nie, maar hy val in aanbidding voor die Almagtige neer. En terwyl hy bid, onthou hy die Here se groot verlossingsdade. Habakuk wil hê dat almal saam met hom die grootheid en almag van God gedenk.

**Gebed:**

**Here, saam met Habakuk wil ek voor U neerval in aanbidding en my hande ophef tot U, want U is groot en almagtig.**



Gaan Na Inhoud

# Loof Hom!

## Habakuk 3:3-7

Dit is Desember 1967. Ek is baie opgewonde, want vir die eerste keer in my lewe durf ek die Drakensberge aan. Durban se jongmense is 'n energieke klomp, en Mont Aux Sources is ons eerste groot uitdaging. Tintelend van opgewondenheid parkeer ons die Motors waar die pad eindig anderkant Witsies Hoek. Ek hef my oë hemelwaarts. Bokant my troon 'n massiewe rotssuil uit, een wat amper tot aan die hemel raak. "Sy naam is die Sentinel. Ons gaan klim tot amper regoor sy bopunt," word ek ingelig. My hart krimp vir 'n oomblik ineen. Dis mos verskriklik hoog! Ek snak na my asem, "Wow! Dis manjifiek!"

Met dapper en stapper val ons in die pad. Die klim is gladnie so erg as wat ek verwag het nie. Maar plek-plek is die ou voetpaadjie bitter nou, en die afgrond hier reg langs jou is skrikwekkend. Wanneer middagete aanbreek, hou die paadjie skielik op. My hart slaan bollemakiesie as my oë stadig die loodregte krans voor my op volg. Dis nie hoog nie - dis



Gaan Na Inhoud

vrék hoog!

“Moet ons hier op?” wil ek weet.

“Toemaar, dis maklik, ons klim teen die berugte kettingleer hier op.”

Wantrouig bekyk ek die ou geroeste leer wat so swaai-swaai in die wind. Nét daar besluit ek dat dit nogal pret kan wees. Een van die meisies sit eenkant - trane biggel saggies oor haar wange. Sy is doodsbleek. “Hoogtevrees,” fluister iemand. “Sy het dit nogal erg! Ek weet nie hoe sy dit gaan maak tot bo nie!”

Terwyl die meisies middagete aanmekaarslaan aan die voet van die kettingleer, pak die nuuskierigheid my. Bewend van opwinding pak ek die leer aan. Ek is jonk en propvol energie, en soos ‘n wafferse ribbok klouter ek teen die rotswand op. Bo gekom, kyk ek terug. Ek snak na my asem: O die uitsig! In verwondering staan ek daar, oopmond, as ek oor die landskap tuur. Die groen klowe en golwende heuwels wat strek tot in die ewigheid. Asemrowend mooi! Die majesteit van dit alles laat my spontaan sing tot eer van Hóm wat dit geskep het. Maar nou eers weer af ondertoe - ek is rasend van die honger!



**Gaan Na Inhoud**

Dit is nie vir almal so maklik om die kettingleer te klim nie. Vir die arme meisie met hoogtevrees is dit ‘n nagmerrie. Met haar oë styf toegeknyp, klim sy die leer uit terwyl iemand haar tree-vir-tree help om haar voete by die sporte te kry. ‘n Groepie meisies sit in ‘n kringetjie en bid vir krag om hierdie nagmerrie aan te durf. Iemand begin sing, en weldra sweef die engele-klanke van lofliedere oor die berge. Ek kry hoendervleis!

Bo gekom, slaan my asem weg van verwondering. Op die kruin van die berg is daar ‘n groot vlakte, oordek met kleurvolle irisse en sewejaartjies. ‘n Klein kabbelende stroompie kronkel oor die plato - “Die Tugelarivier,” lig iemand my in “Hierdie is sy oorsprong.”

Daardie nag was bitter koud en die grond hard en klipperig. Dit is eintlik ‘n verligting as iemand ons kom wakker maak: “Kom, ons gaan die sonsopkoms kyk!” Soos blits is ek uit my slaapsak, en in die half-donker kies ons koers in die rigting van die Tugela waterval. Snoesig sit ons styf teenmekaar teen ‘n rots om die ergste yswind af te weer. Stadig ontvou die prentjie voor my, ‘n oneindigheid van heuwels wat uitstrek tot waar dit te deinsig word om te sien.. Met ‘n reuse

verfkwas word die hemelruim beskilder met ryk, betowerende kleure. Die rotspieke in die verte staan soos wagte afgeëts teen die rooi lug. My trane sit baie vlak. “Loof die Here!” sug iemand. Voor ons voete is die loodregte afgrond van rooi kranse, 'n volle kilometer regaf! “Is die Here se skepping nie ongelooflik nie!” Ons staan in verwondering oor die asemrowende skoonheid!

Daar is ‘n paar van my fotos wat dateer uit 1967 van hierdie uitstappie te siene by **www.dagstukkie.co.za/berge.html**

In Habakuk se loflied beskryf hy hoe die Here in Sy hemelse majesteit verskyn om Sy volk te red. Hy beskryf die Here as ‘n onstuitbare Krygsman voor Wie niks en niemand staande kan bly nie. “Berge verkrummel .... heuwels val inmekaar!” Habakuk is in totale verwondering! Ja, as ek terugdink aan jare gelede - selfs die majesteit van die Drakensberge is nietig voor die Here. Sal ek dan nie in verwondering voor Hom neerval in gebed nie? Hoe nietig en karig is my lofprysinge nie aan Hom wat groot is bo alles en almal. Durf ek ooit ophou om Hom te loof en prys vir al Sy wonderdade?


**Gaan Na Inhoud**

Ons het nie nodig om in die Drakensberge rond te klouter om Sy almag te aanskou nie. Ons vind dit elke dag hier rondom ons. Al wat nodig is, is dat ons net ons oë oopmaak om die heerlikheid van God te kan raaksien. Elke volmaakte blommetjie getuig van Sy handewerk, en elke voëltjie wat verbyvlieg. En die uiters komplekse mens! Die wonder is dat hierdie Almagtige God ook luister na my nietige gebed, en joune. Dat Hy persoonlik bemoeienis maak met elkeen van ons. Kom ons loof Hom!

**Gebed:**

**Here, ek staan in volslae verwondering voor U almag. Here, al my lof gaan aan U alleen!**

## Stormwater en Vloede

## Habakuk 3:8-15

Almal ken die Krokodilrivier maar as nie veel meer as ‘n ou stroompie nie, veral in die winter. Plek-plek loop hy dan skaars vyf of tien meter wyd. Rustige rivier is hy, as hy lui-lui tussen die riete deurkronkel. Waterbokke, bosbokke en olifante kuier in sy rietbeddings, en seekoeie en krokodille lê en bak op sy sandbanke. Nie rêrag ‘n aanskoulike rivier nie - dit is nou as jy gaan op sy grootte.

Maar as dit die dag goed reën in sy opvangsgebied, dan is hy ‘n perd van ‘n totaal ander kleur! Binne ‘n ommesientjie verander hierdie selfde rustige stroompie in ‘n bruisende massa rooibruin water wat wegvoer wat voorkom. Toe die millennium draai, in 2000, was daar ‘n besonderse saamloop van omstandighede, toe wydverspreide reëns die ganse opvangsgebied van die Krokodil en die Sabirivier tref. Binne ‘n baie kort tydjie styg die vlak van die Krokodil met ‘n volle tien meter. Dalk klink dit nie na veel nie, maar as jy reken dat hierdie rivier ‘n baie wye bedding het, dan



Gaan Na Inhoud

verander dit die prentjie. Op plekke het die Krokodil deur Marloth Park byna ‘n halfkilometer wyd geloop. Nee, eintlik het hy gladnie geloop nie, hy het woedend voortgestorm en alles wat in sy pad was weggevee. Niks, maar niks kon staande bly voor die woede van die bruisende bruin massa nie. Reuse ou bome is geknak soos vuurhoutjies, en talle diere is eenvoudig van die gesig van die aarde afgevee.

Die Krokodil se buurman, die Sabi, het met dieselfde woede reageer. In Skukuza het die rivier selfs die beroemde restaurant, wat baie hoog bo die watervlak is, verswelg. Ek was daar kort na die vloed, en ek het die verwoesting aanskou. Dit was verskriklik!

Dit is nie net riviere wat so woedend kan reageer nie. Jy sal nog onthou hoe kwaad die see was in 2007. Die gesig van ons dorpie, Ballito, het toe binne ‘n enkele dag totaal verander. Woedende golwe het aangestorm op die rustige vakansiedorp en alles verpletter wat in sy pad gestaan het. Die see het die ganse strand kom haal en daar diep in sy binneste gaan bêre. Slegs die kaal rotse het daar in hulle naaktheid bly lê, gestroop van hulle goue sandkombers.



Gaan Na Inhoud

Ballito se trots, sy gewilde wandelpaadjie al langs die strand af, is weggeruk, die dieptes in. Geboue is verpletter deur die geweld van die woeste golwe, en mense moes inderhaas vlug vir hulle lewens.

Ek was ook dáár en ek het die verwoesting aanskou. Dit was nét so verskriklik as 2000 se vloed!

In die Ou Testament verteenwoordig water dikwels die magte van chaos wat dreig om die wêreld te oorweldig. In Habakuk se loflied veg God teen hierdie chaos, en verslaan Hy hulle. Interessant is dan ook die insident waar Jesus en Sy dissipels op die see deur ‘n storm oorweldig is, en dieselfde “magte van chaos” gedreig het om hulle te laat vergaan. Daar sien ons ook hoe Jesus die chaos (storm) verslaan deur slegs te beveel dat die storm moet stil word.

Habakuk besing die almag van die Here, en ons sien dat Hy volle beheer het oor al die elemente. Nie alleen kan Hy die storm stilmaak nie, maar Hy kan ook ’n storm ontketen. Met ‘n enkele woord kan Hy “die aarde oopbreek en riviere laat stroom” (Hab 3:9). Op Sy bevel bewe die berge;



Gaan Na Inhoud

op Sy woord kom die stormwaters verbygespoel; as hulle Hom sien, kom die golwe in beroering. Die ganse skepping buig voor die Here, die Almagtige.

Waarom besing Habakuk die almag van die Here op so ‘n wyse? Om hiermee te sê dat die Here ook magtig is om Sy volk te red. Die goddelose word verpletter deur die toorn van God, net soos daardie vloedwaters van 2000 en die woeste golwe van 2007. Maar net soos wat Jesus die verskriklike storm op die see gestuit het met ‘n enkele woordjie, so stuit die Here die goddelose se verskriklike aanslag.

Ons moet onthou dat God Self die Waarborg is dat Sy volk nie vernietig sou word nie. Uit daardie volk moes die Messias gebore word. Uit daardie volk moes God se groot reddingsplan vir die wêreld voortkom. Sou Hy dan toelaat dat die volk tot niet gaan?

Die Here se almag was ‘n werklikheid in Habakuk se tyd. Is dit vandag nog steeds só? Rondom ons woed die storms van die goddelose. Dag-vir-dag sien ons die geweld daarvan. Dikwels voel dit vir ons asof die storms



**Gaan Na Inhoud**

ons gaan oorweldig, en dan wonder ons of God ooit nog iets daaraan kan doen? Moedeloos moet ons aanskou hoedat die Moslem-geloof soos ‘n vloedgolf oor die aarde spoel, en dan wonder jy hoe dit ooit gestuit kan word? Is God ooit by magte om dit te stuit?

Dan moet ons maar net weer Habakuk se loflied gaan lees. Die goddelose vloedgolf van die Galdeërs het gedreig om die ganse wêreld te verswelg. Habakuk het die volk probeer troos, dat God in beheer is, en dat Hy selfs dít kan keer. Het dit gebeur? Inderdaad! Die Here was almagtig in Habakuk se tyd. Hy is steeds dieselfde God! Hy het nog nooit verander nie. Vandag is Sy almag steeds net so groot. Vertrou net op Hom!

**Gebed:**

**Here, ek dank U dat U steeds die elemente beheer, en steeds net so almagtig is as in Habakuk se tyd. Dankie dat ek op U kan vertrou.**



Gaan Na Inhoud

# Nogtans sal ek Jubel!

# Habakuk 3:16-19

Habakuk was bang, bitter bang! Hy het gesidder toe die Here die dag hierdie verskriklike aankondiging maak. In sy geestesoog sien hy die skrikwekkende, bloeddorstige magte van die Galdeërs wat soos ‘n tsunami-golf aangerol kom en alles voor hulle met geweld platvee. Habakuk se lippe het gebewe van pure angs, want die verskrikking was te erg om te beskryf. Daar het ‘n hulpelose lamheid deur sy lyf getrek, wat hom onkapabel gemaak het om enigiets te doen. Sy bene het só erg gebewe dat hy skaars kon loop. Habakuk was verslae!

Maar een ding het Habakuk aan die gang gehou, en dit is die gedagte dat hierdie dinge met ‘n doel gebeur. Nee, dit is nie die Here wat onregverdig is, en die arme Habakuk straf nie. Eintlik is dit die gevolge van die goddeloosheid van die volk wat die oordeel van die Here ontketen het, en Habakuk is vasgevang midde hierdie oordeel. Hy het nou twee keuses: hy kan in selfbejammering verval omdat die ongeluk hom so verskriklik getref het, en in die proses



Gaan Na Inhoud

dalk die Here blameer vir al die ongerief wat hy moet deurstaan. Of hy kan aanvaar dat dit nie die Here se skuld is dat die ongeluk hom tref nie, maar bloot die gevolge van sy volk se afvalligheid, en dat die Here hierdie oordeel met ‘n doel stuur.

Wat sou Habakuk doen?

Toe Mathys Roets destyds verlam is in die motorfietsongeluk, het meeste mense sekerlik gedink dat dit die einde van sy paadjie is. Hy kan tog sékerlik nie meer optree as hy in ‘n rolstoel sit nie. Enkele maande later word daar ‘n konsert gehou om hom te help om sy mediese kostes te dek, en wie tree op in die konsert? Mathys homself! Nie lank daarna nie, bied hy ‘n reisprogram aan op TV, een wat nogal gaan oor kampering. ‘n Sprankelende Matthys hou die kykers week-na-week vasgenael voor die kassie. Ten spyte van die verskriklike ding wat hom getref het, is hy steeds ‘n borrelende mens. Nee, dit het nie sy bene reg gemaak nie, en hy ly beslis baie ongemak. Maar hy is ‘n inspirasie vir elkeen met wie hy te doene kry.

Habakuk het ‘n wilsbesluit geneem: hy sou nie



**Gaan Na Inhoud**

gaan lê en homself versuip in selfbejammering nie. Nee, hy sou sy beste gesig opsit en die Here loof. Al sou die ergste rampe hom tref - die vyebome nie hulle sappige vrugte dra nie, en die wingerde nie ‘n enkele korreltjie oplewer nie - steeds sou hy borrelend die Here loof. Al sou die ganse olyfoes, die lewensaar vir baie mense, misluk en al sou die koring oes nie ‘n enkele koringkorreltjie oplewer nie, sou hy steeds vol vertroue bly. En al sou hy nie meer ‘n enkele skapie in die kamp oor hê nie, en sy beeskraal dolleeg staan, nogtans sal hy bly jubel! Nog meer: hy sal juig in God, sy Redder!

Wat Habakuk hier besluit, is baie makliker gesê as gedaan. Maar glo my: dit is baie beslis nie onmoontlik nie. Toe die ongeluk my 'n paar jaar gelede tref, was my eerste reaksie een van bittere selfbejammering. Ek het immers alles verloor, selfs my huis. Saam hiermee het Wanhoop my hand styf vasgehou, en my probeer laat verstaan dat alles verlore is. Maar Wanhoop het nie rekening gehou met die Here nie. Die besluit was myne, of ek sou bly lê en of ek sou opstaan. Alleen, was opstaan ‘n onmoontlikheid, maar toe ek die besluit neem,



**Gaan Na Inhoud**

was die Here daar om my hand te gryp en my op te trek. Toe ek my vertroue in Hom stel, het Hy my die krag gegee om meer as ‘n oorwinnaar te wees.

Moenie my verkeerd verstaan nie, dit was beslis nie maklik nie! Toe ou Petrus op die water wou loop, het Jesus hom die krag gegee, en hy kon die onmoontlike regkry. Toe hy egter sy oë van Jesus af wegdraai, en die woedende golwe sien, het hy gesink. Dit is die groot geheim: jy moet elke oomblik jou oë op Hom gevestig hou. Elke keer as ek na die berg van probleme gekyk, en begin wonder het hoe ek ooit daar oor sou kom, het ek in depressie verval. Solank ek egter my oog op Hom gehou en Hom vertrou het, kon ek jubel. Die bonus is dat ek elke dag wonderwerke rondom my sien gebeur het, en dit stééds sien gebeur. Boonop, dat die wonderlike liefde van my medegelowiges my steeds omvou. Dit help beslis om te kan jubel in die Here, ten spyte van al jou probleme!

Habakuk sê dit so mooi, waarom hy so jubelend kan wees ten spyte van die nagmerrie wat hy beleef: “**Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ‘n ribbok, op**

**hoë plekke laat Hy my veilig loop.**”

Aan die einde van hierdie kort boekie is daar twee dinge wat soos ‘n paal bo water uitstaan, dinge wat ek en jy as gelowiges moet onthou. Al is die lewe nie net maanskyn en rose nie, en al is daar dikwels probleme wat menslik onoorbrugbaar lyk, moet ons onthou dat God in beheer is, en dat ons op Sy hulp kan vertrou. En as ons dit gedoen het, moet ons ‘n wilsbesluit neem om met Sy hulp bo die probleme uit te styg en jubelend vir die wêreld uit te basuin dat die Here groot en almagtig is, en in volle beheer is. Habakuk het die Nogtans-geloof ontdek - het jy al?

**Gebed:**

**Here, dankie vir die wonderlike krag en vertroosting wat ek kon put uit Habakuk se boek.**



Gaan Na Inhoud

# ‘n Nogtans-Geloof

## ‘n Preek oor Habakuk

Dikwels hoor ons die vraag: “Waarom gebeur hierdie dinge met my?” of “Ek bid so hard en so baie - waarom hoor die Here nie my gebed nie?”

“Waarom laat die Here soveel lyding toe in die wêreld, en veral in Afrika?”

In Rapport van 5 September 2010 vra Adrio König nie minder nie as 74 vrae oor God - vrae soos: Is God dalk weg? Is Hy nie dalk net in jou gedagtes nie? - Vrae wat jou hare laat regop staan. Vrae wat ek en jy ook al gevra het

Die profeet Habakuk het ook sulke soort vrae gevra. Ons eerste reaksie is: “Maar hoe durf hy?” “Is dit nie hoogverraad teenoor die Here om sulke vrae te wil vra nie?”. As ek hierdie vrae in ongeloof vra - as ek die Here hiermee verwyt, dan loop ek op dun ys. Maar Habakuk het eerlike antwoorde gaan soek - hy het in geloof gegaan na die enigste Een wat ‘n antwoord kan gee. Ja, hy was dalk platgeslaan - dalk verbyster deur die dinge wat hy gesien het, maar hy het krampagtig vasgeklou aan sy geloof.



Gaan Na Inhoud

Wanneer Habakuk antwoorde kry op die vrae, dan is dit nie kitsresepte vir ‘n volkome lewe nie - kitsresepte werk nie - jy weet mos - ‘n kitsdiëet loop gewoonlik op ‘n ramp uit! Op dieselfde wyse is die antwoord op hierdie kwelvrae dikwels ook harde werk en deursettingsvermoë.

Die boek Habakuk is in sy geheel bedoel as ‘n troosboodskap vir elke gelowige wat worstel met daardie een groot vraag: waarom kry die goddelose skynbaar altyd die oorhand in die lewe.

Ek wil jou uitnooi om saam met my na ‘n paar gedeeltes uit Habakuk te kyk. Ons wêreld verskil nie werklik van Habakuk s’n nie, en die vrae wat hy gevra het, vra ons vandag nog steeds.

Die eerste gedeelte is Habakuk 1:1-4. Sê my, herken jy die woorde in vers 2: “Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here?”. Was dit nie dalk al so dikwels jou eie worsteling met die Here nie? Is dit nie dalk op hierdie oomblik jou stryd met God nie? Sékerlik het jy dit al ervaar. Voel dit nie soms vir jou asof God Hom afgesluit het van jou af terwyl jy bid nie? - dat Hy nie eers luister na jou smekinge nie?



**Gaan Na Inhoud**

As jy dalk so voel, hoef jy nie alleen te wees nie - jy is nie die enigste met so ‘n probleem nie. Elke gelowige gaan die een of ander tyd deur so ‘n krisis in sy lewe - elke gelowige wonder soms of God ‘n werklikheid is. En elke gelowige bekla iewers in sy lewe sy lot voor die Almagtige. En daarom kan ek en jy ons beslis identifiseer met die klaaglied wat oor Habakuk se lippe borrel.

Maar waaroor gaan Habakuk se klaaglied? In vers 2 en 3 kla hy oor die verskriklike onreg. ‘n Mens lees daarin radeloosheid, wanhoop en vertwyfeling. Die arme Habakuk roep God aan, maar al wat hy hoor is ‘n oorverdowende stilte. “Hoe lank nog?”, snik hy dit uit, “Waarom?”. Maar vir hom voel dit asof God maar net ‘n onbetrokke Toeskouer is.

Oral om hom sien hy geweld! En hy sien onreg en ellende en onderdrukking. Mense baklei met mekaar en hulle twis. In kort gestel: die samelewing is in chaos gedompel. Habakuk se skouertjies hang - die samelewing is siek! En die ergste van alles is dat dit vir hom lyk asof God totaal passief is. Erger dalk nog: gans en al afwesig!



**Gaan Na Inhoud**

Elkeen van ons het al ervaar het dat die Here se antwoord op ons lewensvrae teleurstellend baie verskil van die antwoorde wat ons graag sou wou hê. Ons bid dalk vir rykdom, maar Hy antwoord deur vir ons armoede te gee; vir genesing, maar ons gesondheid verswak verder; vir reën, maar die Here antwoord met 'n verwoestende droogte. Habakuk moes ontdek dat die Here nie spring wanneer 'n mens jou vingers klap nie (met respek gesê!). Hy antwoord nie altyd wat ek graag sou wou hoor nie.

Kom ons kyk 'n bietjie hoe die Here vir Habakuk antwoord in Habakuk 1:5-11

Een ding moet ons vandag baie duidelik besef: Hy is die Lewende God - die Een wat die lotgevalle van nasies bepaal. Hy is altyd in volle beheer, al voel dit soms nie vir ons so nie. En Hy werk dikwels op baie vreemde maniere. Hy kan soms selfs goddelose heidene gebruik om Sy groot doel te bereik. Al wat Hy van my en jou as gelowiges vra, is om in volle geloof steeds aan Hom vas te hou en Hom te vertrou.

Na Habakuk se pleitgebed, kom die Here se antwoord op so 'n oorweldigende wyse dat die


Gaan Na Inhoud

arme man amper van sy stoel af val. “Ek gaan die Galdeërs laat kom!”, hoor ons die Here vir Habakuk sê. “Die Galdeërs!?”.

Die blote gedagte aan hierdie wrede nasie laat hom inmekaar krimp van vrees. Hulle het soos ‘n onstuitbare Tsunami-golf eenvoudig oor alles en almal in hulle pad gespoel, en hulle het vrees en bewing ingeboesem by elke volk in die bekende wêreld. Hulle was die verpersoonliking van alles wat goddeloos en wreed en harteloos was. En God gebruik hulle!

“Here, help ons!”, kom Habakuk se noodkreet. Maar daar is géén reddingsgordel in sig nie. Al wat Habakuk sien is nog erger verwoesting en wreedheid. Vir Habakuk het dit sékerlik géén sin gemaak nie. Maar dit is dikwels juis deur hierdie totaal onverstaanbare dinge waarmee God Sy doel bereik met die wêreld en met jou en my. God se stem is beslis nie stil nie. Maar ons hoor Hom praat op ‘n baie ander manier as wat ons verwag.

Diegene wat bekend is met die Laeveld, sal beslis weet van die Salati-wind. Hierdie wind ontstaan uit die verre noorde. Tussen Messina

en Palaborwa bak die son hom al vuurwarm en kurkdroog. Teen die tyd dat hy Komatipoort bereik, verskroei hy alles in sy pad. Dit voel later asof daar nie meer suurstof in die lug is nie - jy snak na jou asem, en die vurige wind brand jou longe soos ‘n kool vuur elke keer as jy ‘n asemteug vat. Dit dreineer jou van elke stukkie krag in jou, en dit voel asof daar net geen einde aan is nie. Dit help nie eers om ’n skadukolletjie uit te soek nie, want in die koelte van ’n boom is dit amper warmer as in die versengende son.

Maar al die Laevelders weet dat hierdie verwoestende wind reën bring, en daarom verdra hulle dit.

Die onversadigbare veroweringsdrang van die Galdeërs was soos ‘n verwoestende Salatiwind wat alles voor hulle verskroei het. Niks het staande gebly nie. Die een volk na die ander het hulle totaal verpletter.

Hoe ironies dat hierdie volk wat die Here gebruik, Hom gladnie erken nie. In vers 7 skryf Habakuk: “Hulle ken net een wet, een trots, hulle eie.” en in vers 11: “Hulle ken net een god - hulle eie mag!”



**Gaan Na Inhoud**

Op die oog af lyk dit asof die Here se antwoord nie die probleem waaroor Habakuk oorspronklik gebid het oplos nie - dit vererger dit net. Daar was onreg, en nou stuur die Here totale verwoesting! Dit maak nie sin nie! Die stem van God klink hier vir ons so onverklaarbaar vreemd - soveel so, dat ons dit amper nie as God se stem herken nie. Dit laat ons met baie meer vrae as antwoorde. Waarom laat God al hierdie lyding toe?

Daar is nie maklike antwoorde op hierdie soort vrae nie - ons het immers geen insae in God se groot raadsplan nie. Maar één ding moet ons weet: God is aan die werk in hierdie wêreld en in my en jou lewe - dit staan vas! Al wat Hy van ons vra is dat ons Sy werk in ons lewe sal erken, en dat ons Hom daarin sal vertrou, al is dit dan ook baie anders as wat ons dit graag sou wou hê.

Habakuk moes leer om op God te bly vertrou, selfs deur die grootste nood. Soms gebruik die Here juis sulke groot nood om ons geloof in Hom te versterk. Binne die ongemak van die skroeiende Salati-wind lê die Here se seën opgesluit. Ons ontdek dikwels Sy seën in ons nood.



**Gaan Na Inhoud**

Kom ons lees Habakuk 1:12-17

Hoe reageer Habakuk wanneer hy die Here se antwoord hoor? Sy mond hang oop van verbasing en verbystering as hy hoor hoe die Here sy gebed antwoord. Dit kan tog nie wees nie! Die Here gebruik dan 'n goddelose nasie om die Volk te straf! Is die Here dan nou aan die Galdeërs se kant?

Maar dan sien ons dat Habakuk die interessante ding doen: hy skud nie die stof van sy voete af en draai sy rug op die God nie. Nee, hy gaan júis NA God toe en worstel met Hom oor die probleem. Hy worstel nie OOR God nie maar MET Hom. Daar is 'n baie groot verskil!

Maar kom ons gaan kyk 'n bietjie na hierdie verskriklike worsteling: In vers 12 tot 14 sien ons dat Habakuk vir die Here sê dat wat Hy nou gaan doen darem nie regverdig is nie.

Sê ek en jy nie maar ook partykeer so nie?

Maar in 'n amper-geloofsbelydenis vertel Habakuk vir die Here dat hy steeds glo - “U is van altyd af daar, Here”, bely hy, “U is my heilige God”. Vir Habakuk is die Here steeds sy Rots waarop hy kan vertrou - sterk en magtig. En hy



**Gaan Na Inhoud**

besef maar al te goed dat die reinheid en heiligheid van die Here so skitterend - so glansend is dat Hy net eenvoudig nie eers kan verdra om toe te sien dat al die onreg in die volk gebeur nie.

Maar wat hy nie verstaan nie, is die manier wat die Here gebruik om die volk te straf vir hulle gruweldade. Dit maak nie vir hom sin dat die Here die wrede, goddelose Galdeërs gebruik om Sy doel te bereik nie. Die walglike geur van hulle offers aan hulle afgode styg in die lug op, en die walm van wierook hang swaar in die lug - wierook wat getuig van die sukses van hulle vangs. “Hoe lank nog, Here?”, hoor ons hom sug. Hy het breekpunt bereik - sy lyding het ondraaglik geword.

Hoor jy dalk in Habakuk se wanhoopskreet so ‘n ietsie van die wanhoop wat jy self ervaar? Maar moenie moedeloos raak nie, want net in die volgende hoofstuk kom gee Habakuk vir ons hoop.

Ek het vanjaar deur ‘n baie groot krisis in my lewe gegaan. Alles wat kon verkeerd loop hét verkeerd geloop. Eers was dit my gesondheid



**Gaan Na Inhoud**

wat ‘n groot slaggat tref - die diagnose was kanker. Allerhande ander komplikasies duik op en ek beland drie keer in die hospitaal.

‘n Baie groter krisis het egter op my gewag: Ons besigheid speel bankrot en ons finansies stort totaal in duie. Dit het vir my gevoel asof die ganse wêreld op my twee ou skouertjies sy sit kom kry het. Die las was gans te veel om te dra.

Ek het gehuil, gekerm, my lot voor die Here uitgestort en gesmeek om uitkoms. Die lewe het gladnie meer vir my sin gemaak nie. Vir die wêreld daar buite het ek ‘n dapper gesig opgesit en probeer maak asof alles nog goed gaan, maar binne was dit ‘n verwarde en bitter bekommerde mens. Vir my was daar nie eers die vaagste ou sweempie van lig in die lang, pikdonker tonnel nie.

Ek het by my breekpunt gekom.

Een ding waaraan ek egter vasgeklou het, is die geloof wat die Here my gegee het. Dit is die mees kosbare ding wat Hy my ooit kon gee. En dan was daar die wonderlike ding: die Here het my nie maar aan my eie genade oorgelaat nie. Hy het mense op my pad gestuur om my oë oop



**Gaan Na Inhoud**

te maak deur hierdie groot krisis, sodat ek die lig kon sien aan die einde van die tonnel.

Die Here het my geleer om op Hom te vertrou. Glo my: dit is nie maklik nie! Dit kos ‘n wilsbesluit van jou kant af om nie te gaan lê nie.

Intussen het my mond behoorlik oopgehang, want van oral oor het mense hulp aangebied - toe ek my huis verloor, gee iemand vir ons ‘n blyplek; ons kry kos in oorvloed - ons spens was nog nooit so vol nie; ons kry geld presies op die regte oomblik. Ons word oorlaai met liefde en hulp, en skielik kom ek agter dat ek baie meer dierbare vriende het as wat ek ooit van kon droom.

Nee, die krisis het nie soos mis voor die son verdwyn nie. Maar in die proses het ek geleer om baie nader aan die Here te leef, en in baie groter afhanklikheid van Hom. En ek het ook geleer om te alle tye op Hom te vertrou. Vandag is ek rustig en borrelend gelukkig. Die lewe het nou méér sin as óóit te vore, ten spyte van die probleme.

Wanneer jy die dag by ‘n breekpunt gekom het, bewerkstellig die Here ‘n keerpunt in jou lewe.



**Gaan Na Inhoud**

Die Here se antwoord aan Habakuk het nie die probleem laat verdwyn nie. Habakuk moes ervaar dat hierdie soort worsteling jou perspektief op die lewe verander - dit verander VAN jou nood af NA God toe; dit verander VAN wanhoop af NA vertroue toe; dit verander VAN dood af NA lewe toe.

Wat het Habakuk gedoen toe die krisis hom tref? Het hy in ‘n donker gat gaan wegkruip? Het hy in sak en as gaan sit? Het hy sy hande in die lug gegooi en gesug: “Alles is verby!”? Nee! Hy hardloop na sy wagtoring toe, en hy hardloop die trappies so twee-twee op. Hy wil gaan kyk of hy iets kan sien.

Wat wil hy sien? Of die vyand al op hom is? Nee! Hy wil gaan hoor wat die Here vir hom wil sê!

Sit jy dalk vandag met ‘n groot krisis in jou lewe? My raad aan jou is: Aanvaar in die eerste plek dat jy ‘n krisis beleef, en dat dit dalk nie net gaan verdwyn nie. Besef dat die Here dalk juis hierdie krisis gebruik om ‘n baie besonderse doel in jou lewe te bereik. Moenie wegdryf van die enigste Een wat jou deur die krisis kan dra nie, maar klou krampagtig aan Hom vas. Moenie in ‘n


Gaan Na Inhoud

hoekie gaan sit nie, maar leef voluit, borrelend - neem die wilsbesluit om ten spyte van die probleme ‘n lewe gevul met blydskap te lewe. Dit werk - ek weet! Nee, dit is nie maklik nie, maar dit is moontlik!

Lees nou Habakuk 3:16-19

Habakuk was bang - baie bang! Hy het gesidder toe die Here die dag hierdie verskriklike aankondiging maak. In sy geestesoog sien hy die skrikwekkende, bloeddorstige magte van die Galdeërs wat aangerol kom en alles voor hulle met geweld platvee. Habakuk se lippe het gebewe van pure angs, want die verskrikking was te erg om te beskryf. Daar het ‘n hulpelose lamheid deur sy lyf getrek. Sy bene het gebewe.

Maar een ding het Habakuk aan die gang gehou, en dit is die gedagte dat hierdie dinge met ‘n doel gebeur. Nee, dit is nie die Here wat onregverdig is, en vir Habakuk straf nie. Hier is dit die gevolge van die goddeloosheid van die volk wat die oordeel van die Here ontketen het. Hy het nou twee keuses: hy kan in selfbejammering verval omdat die ongeluk hom so verskriklik getref het, en in die proses dalk die



**Gaan Na Inhoud**

Here blameer vir al die ongerief. Of hy kan aanvaar dat dit nie die Here se skuld is dat die ongeluk hom tref nie, maar bloot die gevolge van sy volk se afvalligheid, en dat die Here hierdie oordeel met ‘n doel stuur.

Toe Mathys Roets ‘n ruk gelede verlam is in die motorfietsongeluk, het die meeste mense sekerlik gedink dat dit die einde van sy loopbaan is. Hy kan tog sékerlik nie meer optree as hy in ‘n rolstoel sit nie. Jy sal onthou dat daar ’n paar maande later ‘n konsert gehou is om hom te help om sy mediese kostes te dek, en wie tree op in die konsert? Niemand anders nie as Mathys homself! Nie lank daarna nie, bied hy ‘n reisprogram aan op TV - een wat nogal gaan oor kampering. ‘n Sprankelende Matthys in sy rolstoel hou die kykers vasgenael voor die kassie. Ten spyte van die verskriklike ding wat hom getref het, is hy steeds ‘n borrelende mens. Nee, dit het nie sy bene reg gemaak nie, en hy ly beslis baie ongemak en pyn. Maar hy is ‘n inspirasie vir ons elkeen.

Habakuk het ‘n wilsbesluit geneem: hy sou nie gaan lê en homself versuip in selfbejammering nie. Nee, hy sou sy beste gesig opsit en die Here


**Gaan Na Inhoud**

loof. Al sou die ergste rampe hom tref - die vyebome nie hulle sappige vrugte dra nie, en die wingerde nie ‘n enkele korreltjie oplewer nie - steeds sou hy wat Habakuk is borrelend die Here loof. Al sou die ganse olyfoes misluk, en al sou die koring oes nie ‘n enkele korreltjie oplewer nie, sou hy steeds vol vertroue bly. En al sou hy nie meer ‘n enkele skapie in die kamp oor hê nie, en sy beeskraal dolleeg staan - nogtans sal hy bly jubel! Nog meer: hy sal juig in God, sy Redder!

Wat Habakuk hier besluit, is baie makliker gesê as gedaan. Maar glo my: dit is baie beslis nie onmoontlik nie. Toe die ongeluk my tref, was my eerste reaksie een van selfbejammering en wanhoop. Die besluit was myne, of ek sou bly lê en of ek sou opstaan. Dit was totaal onmoontlik om op my eie op te staan. Maar toe ek die besluit neem, was die Here daar om my hand te gryp en my op te trek. Toe ek my vertroue in Hom plaas, het Hy my die krag gegee om meer as ‘n oorwinnaar te wees.

Moenie my verkeerd verstaan nie - dit is steeds nie maklik nie. Toe Petrus op die water wou loop, het Jesus hom die krag gegee, en hy kon die

onmoontlike regkry. Die oomblik toe hy egter sy oë van Jesus af wegdraai, en hy die verskriklike golwe sien, toe het hy gesink.

Dit is die groot geheim: jy moet elke oomblik jou oë op Hom gevestig hou. Elke keer as ek na die berg van probleme kyk - as ek begin wonder hoe ek ooit daar oor gaan kom, dan begin ek weer in die depressie verval. Solank ek egter my oog op Hom hou en Hom vertrou, kan ek jubel.

Die bonus is dat ek elke dag wonderwerke beleef, en dat die wonderlike liefde van my medegelowiges my omvou. Dit help my om te kan jubel in die Here, ten spyte van al die probleme.

Habakuk sê dit so mooi - waarom hy so jubelend kan wees ten spyte van die nagmerrie wat hy beleef: “Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ‘n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.”

Ten slotte: Wat leer Habakuk ons?

Vier dinge:

- Dat ons moet weet dat God in beheer is, en dat ons op Sy hulp kan vertrou.



**Gaan Na Inhoud**

- As ons dit besef, moet ons ‘n wilsbesluit neem om met Sy hulp bo die probleme uit te styg
- Ons moet jubelend vir die wêreld uit basuin dat die Here groot en almagtig is, en in volle beheer is.
- Habakuk het die Nogtans-geloof ontdek - Nogtans sal ek jubel!

**Het jy al die Nogtans-Geloof ontdek?**



Gaan Na Inhoud

As hierdie boek vir jou
van waarde was, oorweeg
dan asseblief 'n donasie
deur hierdie ZAPPER QR
kode te gebruik.
Deel van die donasie gaan
vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

Gaan Na Inhoud